HIGH COURT, PRETORIA
PRIVATE BAG/PRIVAATSAK X67
2010 -04- 10
PRETORIA 0001
GRIFFIER VAN DIE NOORD GAUTENG HOË HOF, PRETORIA

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronkelike dokument
Certified a true copy of the original document. There is no indi-
Daar is geen aanduiding dat die oorspronkelike dokument deur
cation that the original document has been [illegible] by unauthorised persons.
ongemagtigde persone gewysig is nie
REGISTRAR OF THE SUPREME COURT

IN DIE NOORD GAUTENG HOë HOF, PRETORIA

(REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)

SAAKNOMMER: 20017/10

In die aansoek tussen:

JOHANN HUMAN	**EERSTE APPLIKANT**
EN 87 ANDER APPLIKANTE	
en	
DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE-DIENS MEDIESE SKEMA	**EERSTE RESPONDENT**
DIE NASIONALE KOMMISSARIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE-DIENS	**TWEEDE RESPONDENT**
DIE MINISTER VIR VEILIGHEID EN SEKURITEIT (NASIONAAL)	**DERDE RESPONDENT**
DIE REGISTRATEUR VAN MEDIESE SKEMAS	**VIERDE RESPONDENT**

KENNISGEWING VAN MOSIE

GELIEWE kennis te neem dat die Applikante op 'n datum en tyd om aangewys te word deur Sy Edele die Regter President alternatiewelik die Adjunk Regter President by bovermelde Agbare Hof sal aansoek doen om 'n bevel met die volgende terme:

1. Dat die Eerste Respondent gelas word om:

1.1 Daardie Applikante wat se voortsettingslidmaatskap van Eerste Respondent deur Eerste Respondent beëindig of opgeskort was (1ste tot 31ste Applikante), se voortsettingslidmaatskap te herstel en daardie Applikante geregistreer te hou as voortsettingslede;

1.2 Ten aansien van die Applikante na verwys in bede 1.1, alleenlik die maandelikse premies ten aansien van hul voortsettingslidmaatskap te verhaal, uitgeslote die maandelikse bydrae wat die Tweede Respondent maandeliks aan Eerste Respondent betaal en die voordeel waarvan die Eerste Respondent tot voor Februarie 2009 toegepas het ten aansien van die Applikante.

2. Dat die Eerste Respondent verbied word om:

2.1 Daardie Applikante wat se voortsettingslidmaatskap van Eerste Respondent nog nie deur Eerste Respondent beëindig of opgeskort is nie (32ste tot 88ste Applikante), se voortsettingslidmaatskap te beëindig en/of op te skort;

2.2 Ten aansien van die Applikante na verwys in bede 2.1, addisioneel tot hul normale maandelikse betaalbare voortsettingslidmaatskap premie, vanaf hul betaling te vorder van die maandelikse bydrae wat die Tweede Respondent

maandeliks aan Eerste Respondent betaal en die voordeel waarvan die Eerste Respondent tot voor Februarie 2009 toegepas het ten aansien van die Applikante.

3. Die bevel in bedes 1 en 2 voormeld sal geld as tussentydse interdik met onmiddellike werking hangende die finalisering van 'n aksie om ingestel te word deur die Applikante teen die Eerste Respondent, alternatiewelik teen die Respondente, binne dertig (30) dae na toestaan van hierdie bevel ingevolge waarvan finale regshulp deur die Applikante gevorder sal word met betrekking tot Eerste Respondent se verpligting tot registrasie van Applikante as voortsettingslede en betaling van die Applikante se maandelikse subsidies ten aansien van die Applikante se lidmaatskap van Eerste Respondent.

4. Eerste Respondent word gelas om die koste van die aansoek te betaal op 'n prokureur- en eie kliënt skaal.

5. Tweede, Derde en Vierde Respondente word gelas om die koste van die aansoek te betaal gesamentlik en afsonderlik met Eerste Respondent (en gesamentlik en afsonderlik van enige van die opponerende Respondente), alleenlik indien Tweede en/of Derde en/of Vierde Respondent enige van die aangevraagde regshulp opponeer.

6. Verdere en/of alternatiewe regshulp.

NEEM KENNIS dat die bygaande beëdigde verklaring van JOHANN HUMAN tesame met die aanhangsels daartoe gebruik sal word ter ondersteuning van hierdie aansoek.

GELIEWE VERDER kennis te neem dat die Applikante SERFONTEIN VILJOEN & SWART PROKUREURS van Alexanderstraat 165, Brooklyn, Pretoria, Gauteng (Verw. Mnr S.P. Swart) aangewys het waar die Applikante kennisgewings en die betekening van alle prosesstukke in hierdie verrigtinge sal aanvaar.

GELIEWE VERDER kennis te neem dat sodanige Respondent of Respondente as wat die aansoek mag wil opponeer moet:

(a) In geval van die Eerste en Vierde Respondente, kennis gee van sodanige voorgenome opponering van hierdie aansoek deur aflewering van skriftelike kennisgewing tot dien effek aan die Applikante se prokureurs van rekord binne 5 (vyf) dae na betekening van hierdie aansoek, en om 'n adres daarin aan te gee waar betekening ingevolge die bepalings van Eenvormige Hofreël 6(5)(b) kan plaasvind;

(b) In geval van die Tweede en Derde Respondente, kennis gee van sodanige voorgenome opponering van hierdie aansoek deur aflewering van skriftelike kennisgewing tot dien effek aan die Applikante se prokureurs van rekord binne 10 (tien) dae na betekening van hierdie

aansoek, en om 'n adres daarin aan te gee waar betekening ingevolge die bepalings van Eenvormige Hofreël 6(5)(b) kan plaasvind;

(c) Hul antwoordende beëdigde verklarings, indien enige, binne 15 (vyftien) dae vanaf die datum van aflewering van hul kennisgewing of kennisgewings van voorgenome opponering aflewer.

INDIEN geen kennisgewing om te bestry gegee word nie sal die aansoek op die 26 dag van Mei 2010 aangehoor word.

GELIEWE DIE SAAK DIENOOREENKOMSTIG TERROLLE TE PLAAS.

GETEKEN te PRETORIA op hierdie 9DE dag van APRIL 2010.

SERFONTEIN VILJOEN & SWART
PROKUREURS VIR APPLIKANTE
ALEXANDERSTRAAT 165
BROOKLYN, PRETORIA
VERW. MNR S.P. SWART/nm/4117
TEL (012) 3622556
FAKS (012) 3622557

AAN: DIE GRIFFIER VAN
DIE NOORD GAUTENG HOë HOF
PRETORIA

IN DIE NOORD GAUTENG HOë HOF, PRETORIA

(REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)

SAAKNOMMER: 20017/2010.

In die aansoek tussen:

JOHANN HUMAN	EERSTE APPLIKANT
EN 87 ANDER APPLIKANTE	
en	
DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE-DIENS MEDIESE SKEMA	EERSTE RESPONDENT
DIE NASIONALE KOMMISSARIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE-DIENS	TWEEDE RESPONDENT
DIE MINISTER VIR VEILIGHEID EN SEKURITEIT (NASIONAAL)	DERDE RESPONDENT
DIE REGISTRATEUR VAN MEDIESE SKEMAS	VIERDE RESPONDENT

FUNDERENDE BEëDIGDE VERKLARING

Ek, die ondergetekende,

JOHANN HUMAN

verklaar hiermee onder eed soos volg:

8

EERSTE APPLIKANT:

1.

1.1 Ek is die Eerste Applikant in hierdie aangeleentheid, 'n meerderjarige getroude man en Eisebemiddellaar woonagtig te 5 Colleen Hoekie, Eldoraigne 11, Centurion.

1.2 Die feite in hierdie beëdigde verklaring val binne my persoonlike kennis en wete tensy die teendeel uitdruklik aangedui word of tensy die teendeel duidelik vanuit die konteks hiervan blyk.

1.3 Die inhoud hiervan is in alle opsigte waar en korrek.

1.4 Ek lê hierdie eedsverklaring af namens al die Applikante en verwys ek hierinonder na die ander Applikante se bevestigende beëdigde verklarings.

DIE ANDER APPLIKANTE:

2.

2.1 Die ander Applikante in hierdie aangeleentheid is die volgende persone:

9.

2.2 Tweede Applikant is MARNè BASSON, 'n meerderjarige man woonagtig te Sanburgh Woonstel 9, Hospitaalpark, Bloemfontein en werksaam as 'n Administrasiehoof, Addisonstraat 17, Hospitaalpark, Bloemfontein.

2.3 Derde Applikant is WILLEM JOHANNES BESTER, 'n meerderjarige man woonagtig te 11de Laan 38, Boston, Bellville, en werksaam as 'n Verteenwoordiger by Solid Burglarproofing, Epping, Kaapstad.

2.4 Vierde Applikant is JOHANNES HENDRIK PHILLIPUS BOTHA, 'n meerderjarige man woonagtig te Kabaltstraat 26, Mokopane en werksaam as 'n Sekuriteitshoof te Ruiterwegstraat, Makopane.

2.5 Vyfde Applikant is BARRY MERVEN BARNARD, 'n meerderjarige werklose man woonagtig te Collinstraat 1334, Waveley, Pretoria.

2.6 Sesde Applikant is ABRAHAM JACOBUS CRONJE, 'n meerderjarige man woonagtig te Bergkruinstraat 11, Hillshaven, Westonatia en werksaam as 'n Sekutiteitsbestuurder te Eye of Africa.

2.7 Sewende Applikant is RIAAN CRONJE 'n meerderjarige man, woonagtig te Nadene Park 21, Baltimoreweg, Pierre van Ryneveld Park en werksaam as 'n Eisebemiddelaar / Ondersoeker by Telesure Groepsversekering.

2.8 Agtste Applikant is GEORGE ARCHIBULT CLARK EHLERS, 'n meerderjarige man woonagtig te 7 Chrestos, Scroobystraat, Ruimsig, Roodepoort en

werksaam as 'n nuwe motorverkoopsbeampte te IC Auto Roodepoort, 44 Van Vuurenweg, Roodepoort.

2.9 Negende Applikant is JOHANNES URBANUS ERWEE, 'n meerderjarige man woonagtig te Valleistraat 5, Cranbreakval, Centurion en werksaam te Protea Coin Group, Impala Rustenburg Myne.

2.10 Tiende Applikant is THEUNIS GERHARDUS MARTHINUS GROBBELAAR, 'n meerderjarige man woonagtig te 21ste Laan 609B, Rietfontein, Pretoria en werksaam as 'n Verkoopspersoon op die h/v Lavender- en Zambesiestrate, Sinoville.

2.11 Elfde Applikant is NTUNTU DAVID KEKANA, 'n meerderjarige man woonagtig te Greatdanestraat 14, Hestea Park, Uitbreiding 4 en werksaam te Special Investigating Unit, Watermeyerstraat 74, Meyerspark.

2.12 Twaalfde Applikant is BAREND JOHANNES LODEWIKUS KLAASSEN, 'n meerderjarige werklose man woonagtig te Cassiastraat 217, Doornpoort.

2.13 Dertiende Applikant is BAREND LOTTERING, 'n meerderjarige man woonagtig te Phinda Fame Reserve, Hluhluwe en werksaam as 'n wildbewaarder te Nyathi Anti Poaching, Hluhluwe.

2.14 Veertiende Applikant is STEPHANUS FRANCOIS LOUW, 'n meerderjarige werklose man woonagtig te Candleberry Rylaan 18, Oos Londen.

2.15 Vyftiende Applikant is PIETER WILLEM LOWNE-HUGHES, 'n meerderjarige man woonagtig te Elsastraat 302, Pretoria Tuine werksaam as 'n sakeman by Medi Solutions, Braam Pretoriusstraat 409, Magalieskruin.

2.16 Sestiende Applikant is KOBORO OPHNEAL MOSUWE, 'n meerderjarige werklose man woonagtig te 3393 Blok A, Letlhlabile.

2.17 Sewentiende Applikant is JACOB ANDREAS NEL, 'n meerderjarige man woonagtig te Tuinstraat 22, Vredendal en werksaam as bestuurder te OK Winkelgroep, Vredendal.

2.18 Agtiende Applikant is LUDWIG OBERHOLZER, 'n meerderjarige man woonagtig te Plaas Harmonie, Bloemfontein en werksaam as plaasbestuurder.

2.19 Negentiende Applikant is EMIL JOHAN OOSTHUIZEN, 'n meerderjarige man woonagtig te Tiptolstraat 21, Daggafontein, Springs en werksaam te Super Quick, Booysensstraat, Booysens.

2.20 Twintigste Applikant is BARTEL WP PIETERSE, 'n meerderjarige man woonagtig te Ludickstraat 13, Bethlehem en werksaam te Ronco Hondegeleiers.

2.21 Een en Twintigte Applikant is CHRISTOFFEL BERNARDUS ROOS, 'n meerderjarige man woonagtig te Luscor Woonstelle 402, 9de Laan, Wonderboom Suid en werksaam as 'n assessor te Randjiespark, Midrand.

2.22 Twee en Twintigste Applikant is WERNER SWART, 'n meerderjarige besigheidsman woonagtig te 8 Dianna Villas, Wincraig, Protea Hoogte, Brackenfell.

2.23 Drie en Twintigste Applikant is GERT STEFANUS VENTER, 'n meerderjarige man woonagtig te Louw Wepenerstraat 26, Dan Pienaar, 'n bestuurder by Stadium Finance h/v King Edward en Ellastrate, Wilgerhof, Bloemfontein.

2.24 Vier en Twintigste Applikant is JACOBUS STEPHANUS VENTER, 'n meerderjarige man woonagtig te Rob ferreiralaan 7, Schweizer-Reneke en werksaam is te Josmey Motors, Schweizer-Reneke.

2.25 Vyf en Twintigste Applikant is NICOLENE VORBECH, 'n meerderjarige vrou woonagtig te 1164 Woodhill Drive, Pretotius Park x 2, Pretoria Oos en werksaam is as 'n algemene assistent te Subway Furniture, 193 Jacob Mareestraat, Pretoria Sentraal.

2.26 Ses en Twintigste Applikant is TREVOR JOHN VOSTER, 'n meerderjarige man woonagtig te 37 Pompagalana.

2.27 Sewe en Twintigste Applikant is FREDERIC ARNOLD WAGNER, 'n meerderjarige man woonagtig te Pretoriusstraat 122, Mokopane en weksaam as sekuriteitsbesigheid, Ruiterweg 29, Mokopane.

2.28 Agt en Twintigste Applikant is WAYNE GARRETH PESTANA, 'n meerderjarige werklose man woonagtig te Plot J305, Goudwater, Rustenburg.

2.29 Nege en Twintigste Applikant is GERHARDUS JACOBUS RÖNTGEN, 'n meerderjarige werklose man woonagtig te Smitstraat 19B, Modimolle.

2.30 Dertigste Applikant is HENRIE YSSEL, 'n meerderjarige man werksaam as 'n verkoopsverteenwoordiger en woonagtig te Peerboomstraat 189, Doornpoort, Pretoria.

2.31 Een en Dertigste Applikant is BRYAN GABRIëL PETERS, 'n meerderjarige besigheidsman woonagtig en werksaam te Roosstraat 228, Meyerspark, Pretoria.

2.32 Twee en Dertigste Applikant is MARTANIA GUNTER BARNARD, 'n meerderjarige werklose man woonagtig te 31 Hansomweg, Strubenvale, Springs.

2.33 Drie en Dertigste Applikant is JOHAN FREDERIK BARNARD, 'n meerderjarige man woonagtig te Landsmeer Landgoed Nr 4, Oos Blok, Meerhof en wie werksaam is as landgoedbestuur, Landsmeer.

2.34 Vier en Dertigste Applikant is MICHAEL JOHN BELL, 'n meerderjarige man woonagtig te 26 Msaulistraat, Crystal Park en werksaam in die kosbedryf vanaf sy woonadres.

2.35 Vyf en Dertigste Applikant is MARYKE SANETTE BENN, 'n meerderjarige werklose vrou woonagtig te Devonsweg 139, Sherwood, Port Elizabeth.

2.36 Ses en Dertigste Applikant is MAURITZ BESTER, 'n meerderjarige man woonagtig te 19 Du Plooystraat, Stilfontein en werksaam as 'n konsultant, risiko bestuurder.

2.37 Sewe en Dertigste Applikant is DOUW CASPER GERBRAND BODENSTEIN, 'n meerderjarige man woonagtig te Kelfkingstraat 45, Rayton en werksaam as 'n sekuriteitsbeampte te Dyncorp International.

2.38 Agt en Dertigste Applikant is CHRISTIENè WILHELMINA BOTHA, 'n meerderjarige werklose vrou woonagtig te 101 Lourensrivierstraat, Strand.

2.39 Nege en Dertigste Applikant is HEINRICH RHYNO BOTHA, 'n meerderjarige man woonagtig te 6 Premier Mews, Lawsonstraat, New Park, Kimberley en werksaam as ondersoekbeampte vir RISA Recovery te Kimberley.

2.40 Veertisgte Applikant is STEPHANUS JESAJA BOUWER, 'n meerderjarige man woonagtig te 18 Hodsonweg, Pelhorn, Pietermaritzburg en werksaam as

'n bestuurder te Mutual en Federal Versekeringsmaatskappy, 51 Peter Kerchhoffstraat, Pietermaritzburg.

2.41 Een en Veertigste Applikant is GERHARD CHRISTIAAN BREEDT, 'n meerderjarige man woonagtig te 15 Van Eyck Singel, De La Hey, Bellville en werksaam as 'n konstruksiewerker te 1 Prestige Place, ASLA Park, Somerset Wes.

2.42 Twee en Veertigste Applikant is PAUL STEPHANUS BREEDT, 'n meerderjarige man woonagtig te 7 Lizomè Hof, Kwartelsingel, Safari Tuine, Rustenburg en wie werksaam is in die Ondersoekdepartement, Protea Coin Group, Impala Myn.

2.43 Drie en Veertigste Applikant is KATRINA ALIDA DYKEMA, 'n meerderjarige vroulike tuisteskepper woonagtig te Tigerstraat no 19, Monumentpark, Pretoria.

2.44 Vier en Veertigste Applikant is JOLANDA EKKERD, 'n meerderjarige vrou woonagtig te Eden Park Nr 13, Schubartstraat, Melodie en werksaam te Edutainment Development, Ou Wapadstraat 79, Ifafi.

2.45 Vyf en Veertigste Applikant is PETRUS HENDRIK FERREIRA, 'n meerderjarige man woonagtig te 17 Maxwell Hibbertstraat, Montana Tuine, Pretoria en wie as 'n skuldinvorderaar in Suid Straat, Centurion werk.

16.

2.46 Ses en Veertigste Applikant is PIETER ANDREAS GOUWS, 'n meerderjarige man woonagtig te Suikerbossie, Harkerville, Plettenbergbaai en werksaam as 'n produksiebestuurder te Meshforce te Plettenbergbaai.

2.47 Sewe en Veertigste Applikant is JUAN HARMSE, 'n meerderjarige man woonagtig te Bloedhondstraat 994, Garsfontein, Pretoria en 'n bestuurder van The Dog Shop, Cherrylane, Fehrsenstraat, Brooklyn, Pretoria.

2.48 Agt en Veertigste Applikant is LENNO RENIER HARTZENBERG, 'n meerderjarige man woonagtig te Plot 122, Orpenweg, Ivydale, Polokwane en werksaam as fabrieksbestuurder te Classic Concrete Products, Plot 22 Myngenoegen, Polokwane.

2.49 Nege en Veertigste Applikant is PIETER GERHARDUS HELM, 'n meerderjarige man woonagtig te 68 Sandrivierweg, Virginia en werksaam in die sementbedryf, Virginia.

2.50 Vyftigste Applikant is GAWIN JOHN HOLDER, 'n meerderjarige man woonagtig te 9 McKillikalaan, New Castle en werksaam as 'n assessor te Mutual & Federal Versekeringsmaatskappy.

2.51 Een en Vyftigste Applikant is NICOLENE LOMBAARD, 'n meerderjarige vrou woonagtig te Lourensstraat 1, Riversdal en werksaam as administratiewe beampte, Tuinroete, Agri Bpk, Ladysmith, Riversdal.

17-

2.52 Twee en Vyftigste Applikant is PIETER JOHANNES LOURENS, 'n meerderjarige man woonagtig te Ebbestraat 14, Birtchley, Kempton Park en wie 'n verlies beheer beampte is te Dutchleystraat, Kyalami.

2.53 Drie en Vyftigste Applikant is CLINT LOURENS, 'n meerderjarige man woonagtig te 46 Lewis Drive, Amanzimtoti en wie werksaam is as 'n risiko bestuurder.

2.54 Vier en Vyftigste Applikant is IZAK JACOBUS LOUW, 'n meerderjarige man woonagtig te Aspensingel 9, Zwartkop x 4, Centurion en wie 'n streeksbestuurder is by Forensiese Patologiedienste, Savageweg 10, Riviera, Pretoria.

2.55 Vyf en Vyftigste Applikant is JEAN BAPTEST LUCAS, 'n meerderjarge man woonagtig te Eugene Maraisstraat 3, Sasolburg en wie 'n bestuurder van beroep is te Baddrifstraat 33, Sasolburg.

2.56 Ses en Vyftigste Applikant is VIJAY MAHARAJ, 'n meerderjarige man woonagtig te 10 Hardev Road, Northdale, Pietermaritsburg en wie werksaam is by die Spesiale Ondersoekeenheid, Blok 3, Bishop's Court, Hillcrest.

2.57 Sewe en Vyftigste Applikant is PIETER MARAIS, 'n meerderjarige man woonagtig te 20 Firmstone, Pioneerpark, New Castle en wie werksaam is as Hoof van Sekuriteit, New Castle.

2.58 Agt en Vyftigste Applikant is HERMANUS WESSELS MAREE, 'n meerderjarige man woonagtig te Kelkiewynstraat 6, Langebaan en wie werksaam is te OC Vermeulen Konstruksie, St. Helenabaai.

2.59 Nege en Vyftigste Applikant is LINDELA ISAAC MEYIWA, 'n meerderjarige man woonagtig te 24 Lotus Road, Northdale, Pietermaritzburg en wie werksaam is by die Spesiale Ondersoek Eenheid, Bishop's Court, Hillcrest.

2.60 Sestigste Applikant is ESMOND CHRISTO MINNIE, 'n meerderjarige man woonagtig te Gedeelte 318, Mooiplaas, Distrik Cullinan en wie 'n ondersoekbeampte is Rauhin Moyane Investments te Sinoville, Pretoria.

2.61 Een en Sestigste Applikant is FERDI MOOLMAN, 'n meerderjarige besigheidsman woonagtig te 42 Boomgomstraat, Weltevredenpark.

2.62 Twee en Sestigste Applikant is ETTIENNE MOSTERT, 'n meerderjarige man woonagtig te 5 Zonnebloom Villas, Krugersdorp Noord en werksaam te MUR Shipping, Riviona Road 187, Morningside.

2.63 Drie en Sestigste Applikant is GERHARD NEL, 'n meerderjarige man woonagtig te Poyton Place 20, Eshoewe en wie werksaam is by 'n sekuriteitsmaatskappy.

2.64 Vier en Sestigste Applikant is CHRISTIAAN JACOBUS OOSTHUIZEN, 'n meerderjarige man woonagtig te 2 Integra Plek, Krugersdorp en wie

werksaam is by Wesrand Alterations & Constructions, 16 Pennystraat, Witpoortjie.

2.65 Vyf en Sestigste Applikant is JOHANNES ANDRIES PIENEWALD, 'n meerderjarige man woonagtig te Headinstraat 15, Wentworth Park, Krugersdorp en wie werksaam is as 'n onderhoudsbestuurder, Urban Properties, Empireweg, Hillbrow.

2.66 Ses en Sestigste Applikant is FRANS JOHANNES POTGIETER, woonagtig te Bergendal Plaas, Vryheid en wie werksaam is as plaasbestuurder te Skaapkopje Plaas, Vryheid.

2.67 Sewe en Sestigste Applikant is ANDRIES HENDRIK POTGIETER, 'n meerderjarige man woonagtig te 275 Daphnelaan, Mountain View, Pretoria en ook werksaam is as 'n motorhandelaar te Mountain View.

2.68 Agt en Sestigste Applikant is NICO RHEEDER, 'n meerderjarige man woonagtig te 8 Franschoek, Wrenstraat, Chancliff, Krugersdorp en wie 'n ondersoeker van beroep is te 172 Louis Bothastraat, Houghton Estates.

2.69 Nege en Sestigste Applikant is DANIEL STEPHANUS RETIEF, 'n meerderjarige man woonagtig te Hoep Hoep Nr 5, Steenloperstraat 78, Monument Park en werksaam as 'n rekenmeester te Mackensiestraat 465, Menlopark.

2.70 Sewentigste Applikant is MARIA MAGDALENA PETRONELLA SCHIMPER, 'n meerderjarige vrou woonagtig te 15 Kalindaweg, Randpark wie werksaam is by die Nasionale Vervolgingsgesag.

2.71 Een en Sewentigste Applikant is DAWID CORNè SMIT, 'n meerderjarige man woonagtig te 245A Pretoriusstraat, Lyttleton, Centurion en wie werk as 'n verkoopskonsultant te Nissan te Hatfield, Pretoria.

2.72 Twee en Sewentigste Applikant is ANDRIES HERMANUS SNYMAN, 'n meerderjarige man woonagtig te Bergbruidjiestraat, Potschefstroom en wie tans medies ongeskik is.

2.73 Drie en Sewentigste Applikant is CHRISTIAAN HENDRIK SWANEPOEL, 'n meerderjarige man woonagtig te Stuartstraat 11, New Park, Kimberley en werksaam is te Castle City Tavern, Kimberley.

2.74 Vier en Sewentigste Applikant is JACO SWART, 'n meerderjarige man woonagtig te 3 Proteastraat, Cradock en wie werksaam is as 'n senior tegnikus, Inzuzu IT Consulting Services, Cradock.

2.75 Vyf en Sewentigste Applikant is EUGENE VAN AS, 'n meerderjarige man woonagtig te 21 Arendlaan, Helikom Park, Randfontein en wie werksaam is as 'n kontrakteur te 21 Arendlaan, Helikon Park.

21.

2.76 Ses en Sewentigste Applikant is PIETER ALLEN VAN DE WEIDE, 'n meerderjarige man woonagtig te 33ste Laan 900, Villieria, Pretoria en wie 'n loodgieter van beroep is te 33ste Laan 900, Villieria.

2.77 Sewe en Sewentigste Applikant is HELENA VAN DEN BERG, 'n meerderjarige vrou woonagtig te 39A Albizia Plek, Westville, Durban en wie 'n besigheidsvrou is by Van den Berg Investigations, 40 Steid House, Buckingham Terrace, Westville.

2.78 Agt en Sewentigste Applikant is SYLVIA JACOBUS VAN DER MERWE, 'n meerderjarige vrou woonagtig te 268 9de Pad, Bredell, Kempton Park en wie werksaam is as 'n forensiese ondersoeker, SA Poskantoor, Strubenstraat, Pretoria.

2.79 Nege en Sewentigste Applikant is SCHALK ANTON VAN DER MERWE, 'n meerderjarige man woonagtig te Bossperwerstraat 636 Monument Park x 2, Pretoria en wie 'n besigheidsman van beroep is en handel in die verkoop van motorvoertuie.

2.80 Tagtigste Applikant is MICHAEL VAN DER MESCHT, 'n meerderjarige man woonagtig te Keeshondstraat 597, Garsfontein x 6 Pretoria en werksaam is te Excellentia Catering, Keeshondstraat 597, Garsfontein.

22.

2.81 Een en Tagtigste Applikant is JACQUES VAN HEERDEN, 'n meerderjarige man woonagtig te 27 Honey Gulde Roadm Douglasdale wie werksaam is as 'n professionele assistent, 20ste Vloer, Carlton Centre, Johannesburg.

2.82 Twee en Tagtigste Applikant is PIETER ANDRIES VAN NIEKERK, 'n meerderjarige man woonagtig te Hunstraat 3, New Park, Kimberley en wie werksaam is as 'n spesiale ondersoeker by die Natuurbewarings Departement.

2.83 Drie en Tagtigste Applikant is WIHAN VERMAAS, 'n meerderjarige man woonagtig te Old Farm Road 844, Faerie Glen, Pretoria wie handel dryf as Close Protection Operative vanaf sy huis.

2.84 Vier en Tagtigste Applikant is VINCENZA LOUISE MANLEY, 'n meerderjarige vrou woonagtig te 320 Tegan Terrace, Waterkloofrif en 'n besigheidsvrou wie van haar huis werk.

2.85 Vyf en Tagtigste Applikant is HEINRICH SHAWN VAN SCHALKWYK, 'n meerderjarige besigheidsman woonagtig te 43 Stirrup Crescent, Kennilworh Park.

2.86 Ses en Tagtigste Applikant is DION GIEZING, 'n meerderjarige man werksaam as 'n Eisebemiddelaar en woonagtig te Perelstraat 40, Krugersdorp.

23.

2.87 Sewe en Tagtigste Applikant is FELICITY DE FREITAS, 'n meerderjarige werklose dame woonagtig te Thuthukani 3, Blinkblaarweg, Woodlands, Bloemfontein.

2.88 Agt en Tagtigste Applikant is NICOLAAS S. ERASMUS, meerderjarige man woonagtig te 30 Dablhilkstraat, Daggafontein, Springs.

EERSTE RESPONDENT:

3.

3.1 Die Eerste Respondent is DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS MEDIESE SKEMA (hierna na verwys as "POLMED") met geregistreerde adres te IParioli Office Park Gebou A3, 2de Vloer, Parkstraat 1166, Hatfield, Pretoria.

3.2 Die Eerste Respondent is:

3.2.1 'n Geslote mediese skema wat geadministreer word deur die Metropolitan Health Groep.

3.2.2 'n Regspersoon kragtens die bepalings van artikel 26(1)(a) van die Wet op Mediese Skemas 131 van 1998 ("die Wet").

24

TWEEDE RESPONDENT:

4.

4.1 Die Tweede Respondent is DIE NASIONALE KOMMISSARIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS met betekeningsadres per adres die Staatsprokureur, 8ste Vloer, Bothongo Heights, Andriesstraat 167, Pretoria.

4.2 Die Tweede Respondent word hierin gevoeg slegs in soverre Tweede Respondent mag beskik oor 'n belang by die aangevraagde regshulp. Geen spesifieke regshulp word teen Tweede Respondent versoek nie, behalwe 'n kostebevel indien die Tweede Respondent enige van die verlangde regshulp sou opponeer.

DERDE RESPONDENT:

5.

5.1 Die Derde Respondent is DIE MINISTER VAN VEILIGHEID EN SEKURITEIT (NASIONAAL) met betekeningsadres per adres die Staatsprokureur, 8ste Vloer, Bothongo Heights, Andriesstraat 167, Pretoria.

5.2 Die Derde Respondent word hierin gevoeg slegs in soverre Derde Respondent mag beskik oor 'n belang by die aangevraagde regshulp as hoof

van Tweede Respondent. Geen spesifieke regshulp word teen Derde Respondent versoek nie, behalwe 'n kostebevel indien die Derde Respondent enige van die verlangde regshulp sou opponeer.

VIERDE RESPONDENT:

6.

6.1 Die Vierde Respondent is DIE REGISTRATEUR VAN MEDIESE SKEMAS van Hadefields Office Park, Blok E, Pretoriusstraat 1267, Hatfield, Pretoria.

6.2 Die Vierde Respondent word hierin gevoeg slegs in soverre Vierde Respondent mag beskik oor 'n belang by die aangevraagde regshulp. Geen spesifieke regshulp word teen Vierde Respondent versoek nie, behalwe 'n kostebevel indien die Vierde Respondent enige van die verlangde regshulp sou opponeer.

DOEL VAN AANSOEK:

7.

Die doel van hierdie aansoek is om 'n bevel te bekom wat Eerste Respondent verplig om, met onmiddellike effek hangende die finalisering van 'n aksie deur die Applikante waarin finale regshulp gevorder word (die dagvaarding waarin die finale

26.

regshulp gevorder word waarop hierdie aansoek gerig is sal gelyktydig met hierdie aansoek beteken word. 'n Afskrif van die dagvaarding sal aan die Agbare Hof beskikbaar gestel word tydens die aanhoor van hierdie aansoek.):

7.1 Die Applikante wie se voortsettingslidmaatskap deur Eerste Respondent beëindig of opgeskort was se lidmaatskap te herstel en hul geregistreer te hou as voortsettingslede van Eerste Respondent;

7.2 Daardie Applikante wie se voortsettingslidmaatskap nog nie beëindig of opgeskort is nie, se voortsettingslidmaatskap nie te beëindig en/of op te skort nie;

7.3 Alleenlik die maandelikse premies ten aansien van al die Applikante se voortsettingslidmaatskap te verhaal, uitgeslote die maandelikse subsidie betaling waarop die Applikante geregtig is, wat maandeliks deur die Tweede Respondent aan Eerste Respondent ten behoewe van die Eerste Respondent se lede betaal word.

Met ander woorde, dat die Applikante op die voortgesette voordeel van die subsidie geregtig is.

27.

DIE RELEVANTE FEITELIKE AGTERGROND:

8.

8.1 Voordat ek voortgaan en die relevante feitelike agtergrond ter ondersteuning van die regshulp waarvoor Applikante aansoek doen aan die agbare Hof meedeel, wens ek te vermeld dat die stawende dokumentasie, ter bevestiging van die volgende feite, later in hierdie beëdigde verklaring na verwys word.

8.2 Die stawende dokumentasie word ook aangeheg hierby (Aanhangsels **"A1"** to **"A88"**) ten aansien van elk van die Applikante onderskeidelik in die vorm van 'n bevestigende eedsverklaring deur elk van die Applikante (uitgesonderd myself aangesien ek reeds hierdie verklaring aflê), en 'n vraelys, voltooi deur elke Applikant, bevattende 'n volledige opsomming van die feite wat relevant is vir die huidige aansoek ten opsigte van elke sodanige Applikant.

9.

9.1 Die Applikante was almal voorheen werknemers van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD).

9.2 Nie een van die Applikante is tans meer 'n werknemer van die SAPD nie aangesien die Applikante almal uit diens getree het op die datums en weens die redes soos uiteengesit in die voltooide lyste van feitelike besonderhede

28.

van elk van die Applikante, hierby aangeheg, waarna hierinonder volledig verwys word.

9.3 Die Applikante was almal lede van POLMED gewees gedurende die volle periode van hul werknemerskap by die SAPD.

10.

10.1 Die Applikante het almal ná die datums van hul onderskeie diensbeëindiging by die SAPD voortsettingslede van POLMED gebly ingevolge die reëls van POLMED (wat hieronder aangespreek word) soos gestaaf deur, en gebaseer op, 'n langdurige gebruik / praktyk wat geheers het in die SAPD ingevolge waarvan werknemers wat beskik oor meer as 10 jaar onafgebroke diens met hul uittrede of diensbeëindiging, om watter rede ookal, geregtig is daarop om voortsettingslede van POLMED te wees – teen betaling van die normale betaalbare maandelikse lidmaatskap premies, en terwyl diesulke lede geregtig bly op die voordeel van die maandelikse subsidie betaling deur die SAPD aan POLMED, ten aansien van die lede se maandelikse lidmaatskap premies.

10.2 Ter illustrasie van die voormelde, het van die Applikante ook korrespondensie ontvang soortgelyk aan Aanhangsel **"AA"** hiertoe.

Die inhoud hiervan spreek vanself, so word met respek aan die hand gedoen. Dit bevestig die langdurige gebruik wat geheers het en toegepas was deur die

29.

Tweede Respondent, met betrekking tot lidmaatskap van die Eerste Respondent en die subsidies betaal die Tweede Respondent.

11.

11.1 Gedurende die derde week van Maart 2009 het dit tot kennis van die Applikante gekom dat POLMED òf hul lidmaatskap beëindig of opgeskort het òf weier en/of versuim om die Applikante die voordeel te gee van die maandelikse subsidie betaalbaar deur die SAPD by die heffing van die maandelikse POLMED premies betaalbaar deur die Applikante aan POLMED.

11.2 Gedurende die derde week van Maart 2009 het dit tot kennis van daardie Applikante gekom, wat se POLMED voortsettingslidmaatskap nie beëindig en/of opgeskort was nie en van wie POLMED nog die normale maandelikse premie vorder, dat POLMED wel voornemens is om hul lidmaatskap te beëindig indien daardie Applikante nie bereid sou wees om, addisioneel tot hul normale maandelikse lidmaatskap premie, die SAPD bydrae ten opsigte daarvan ook aan POLMED te betaal nie.

12.

12.1 Namens al die Applikante word aan die hand gedoen dat POLMED nie geregtig is om eensydiglik die lidmaatskap van die Applikante by POLMED te beëindig of op te skort nie en/of dat POLMED nie geregtig is daarop om

30.

betaling vanaf die Applikante te vorder van die maandelikse subsidie betaalbaar deur Tweede Respondent aan POLMED.

12.2 Die Applikante voer aan dat daar 'n kontraktuele verpligting op POLMED rus om al die Applikante geregistreer te hou as voortsettingslede van POLMED.

12.3 In hierdie verband verwys ek na die aangehegte aansoekvorm vir lidmaatskap van D J Swanepoel (een van die applikante in die aansoek van Petrus Kleynhans en 87 ander Applikante teen dieselfde vier Respondente as wat in die huidige aansoek gesiteer word, in hierdie hof aanhangig gemaak onder Saakno. 13867/09 "die Kleynhans-aansoek", en waarna ek aanstons verder sal verwys), hierby aangeheg gemerk Aanhangsel **"B"**.

Ek en die ander Applikante in die huidige aansoek het almal soortgelyke aansoekvorms onderteken, maar afskrifte daarvan word nie hierby aangeheg nie ten einde die aansoek nie onnodig lywig daaruit te laat sien en verder aangesien die Applikante nie almal afskrifte daarvan kon bekom nie. Indien enige van die Respondente pas vermelde feit sou betwyfel sal die Applikante as deel van hul repliserende beëdigde verklaring(s) die beskikbare aansoekvorms aan die Agbare Hof beskikbaar stel.

In elke geval was die betrokke Applikant se aansoek om voortgesette lidmaatskap deur POLMED aanvaar as gevolg waarvan, word ek geadviseer, 'n kontraktuele verhouding tot stand gekom het tussen elkeen van die Applikante enersyds, en POLMED andersyds, die inhoud van welke

31.

kontraktuele verhouding, so word ek verder geadviseer, bepaal word deur POLMED se Reëls, en die gedrag en gebruike van die partye.

12.4 POLMED se Reëls het nog altyd voorsiening gemaak vir voortsettingslede.

12.4.1 Tussen die registrasie van POLMED se Reëls op 1 November 1999 en 2002, het Reël 6.3 soos volg bepaal:

6.3 CONTINUATION MEMBERS

A member may continue his membership of the Scheme in the event of his retiring from the service of his employer or his employment being terminated by his employer on account of age, ill-health or other disability or in terms of section 35 of the South African Police Service Act, 1995.

12.4.2 In die tydperk wat Reël 6.3 soos voormeld gelees het (asook in die tydperk voor registrasie van POLMED se Reëls op 1 November 1999), het POLMED die woord "retiring" sodanig vertolk en toegepas as dat dit sou insluit vrywillige bedanking.

Meer bepaald, het POLMED in die voormelde tydperk lede wat vrywilliglik bedank het en wat, soos per paragraaf 10.1 hierbo, oor meer as tien jaar onafgebroke diens beskik het, as voortsettingslede aanvaar.

32.

12.4.3 Ter bevestiging van die voormelde gebruik asook vertolking van Reël 6.3, is die Reël in 2002 (ek weet ongelukkig nie presies wanneer in 2002 nie) gewysig om, sover tersaaklik, soos volg te lees:

6.3 CONTINUATION MEMBERS

6.3.1 A member may continue his membership of the Scheme with his registered dependants, if any, in the event of his retirement or resignation from the service of his employer or his employment being terminated by his employer on account of age, ill-health or other disability or in terms of section 35 of the South African Police Service Act, 1995.

6.3.2 ....

6.3.3 ....

6.3.4 Notwithstanding the provisions of Rules 6.3.1, 6.3.2 and 6.3.3 above, a member who does not qualify in terms of his service conditions for the employers contribution for the membership fees of the Scheme, shall be liable for the total contribution as set out in Annexure "A".

12.4.4 Daar was nie 'n Aanhangsel "A" tot die Reëls soos in die voormelde Reël 6.3.4 na verwys nie, en verder het POLMED na intreding van die wysiging in 2002 alle voortsettingslede wat vrywilliglik uit hul diens met die SAPD bedank het die voordeel gegee van die maandelikse subsidie betaalbaar deur die Tweede Respondent aan POLMED, ter bevestiging daarvan dat hulle daarvoor gekwalifiseer het.

12.4.5 Reël 6 was in 2005 (weereens het ek ongelukkig nie die presiese datum in 2005 nie) weer gewysig.

Reël 6.3 is as Reël 6.2 hernommer, met die gevolg dat Reëls 6.3.1 en 6.3.4 soos hierbo na verwys onderskeidelik Reëls 6.2.1 en 6.2.4 geword het.

Andersins was die inhoud daarvan dieselfde, en het POLMED die tersaaklike Reëls soos voorheen toegepas, deur om lede wat vrywilliglik uit die SAPD bedank as voortsettingslede te aanvaar, en om hulle soos per Reël 6.2.4 die voordeel te gee van die maandelikse subsidie betaalbaar deur die Tweede Respondent aan POLMED, juis omdat daar nie sprake daarvan was dat hulle in terme van hul diensvoorwaardes nie daarvoor gekwalifiseer het nie.

12.5 Reël 6.2 was op 8 Februarie 2007 deur POLMED gewysig en bepaal dit tans soos volg:

6.2.1 A member may retain his/her membership of the Scheme with his/her registered dependants, if any, in the event of his/her retirement from the service of the employer or his/her employment being terminated by the employer;

6.2.1.1 on account of age;

6.2.1.2 on account of ill-health;

6.2.1.3 in terms of section 35 of the South African Police Service Act, 1995; or

6.2.1.4 on account of a voluntary severance package.

6.2.2 ....

6.2.3 Notwithstanding provisions of Rule 6.2.1 ... above, a current member of the Scheme who, in terms of the conditions of service applicable to him or her at the time of the termination of his or her employment as a member of the South African Police Service, does not qualify to receive the benefit of the employers contribution to the membership fees of the Scheme, shall be liable to pay the full applicable contribution (including the employers contribution) as set out in these Rules.

13.

13.1 POLMED se Reëls het aan al die Applikante die reg gegee om ná bedanking vanuit die SAPD aan te bly as lede van POLMED tesame met hul afhanklikes.

Elkeen van die Applikante het hierdie reg uitgeoefen, en POLMED het elkeen van die Applikante as lid aanvaar, tesame met hul afhanklikes.

13.2 Elk van die Applikante het uit diens van die SAPD getree, op die datums vermeld in die aangehegte vraelyste van elke Applikant, op 'n tydstip voor die wysiging van 8 Februarie 2007 waarna in paragraaf 12.5 hierbo verwys.

13.3 Gedagtig aan die inhoudelike van Reël 6.3 soos wat dit voor die wysiging van 2002 bepaal het, en Reël 6.2.1 in die vorm soos wat dit tans daar uitsien, wil

die Applikante dit respekvol onder die agbare Hof se aandag bring dat die frase "retiring from the service", of die woord "retirement", was nog altyd deur die Applikante en deur werknemers van die SAPD en deur POLMED sodanig geïnterpreteer en toegepas as dat dit sou insluit vrywillige bedanking en nie alleenlik bedanking weens die bereiking van aftreeouderdom en/of bedanking onderworpe aan een of ander ander kwalifikasie vir sodanige bedanking nie.

13.4 Ter bevestiging van die voormelde, verwys ek na paragraaf 12.4.2 hierbo.

Ter verdere bevestiging van die voormelde, het sekere van die Applikante asook sekere voormalige werknemers van die SAPD en lede van POLMED, briewe ontvang soortgelyk aan Aanhangsel **"C"** hierby aangeheg waarin POLMED onder andere soos volg meegedeel het:

Termination of employment

We have been advised by the South African Police Services that you have left their employment. Members with more than 10 years continuous service with the SAPS or 20 years broken service are entitled to continued membership with the POLMED Medical Scheme. Members dismissed from the SAPS qualify for this benefit as well but are not entitled to pay subsidised rates.

Please advise us via return mail whether you would like to continue with your membership with the Scheme. Please note that your contributions will then be debited from your banking account monthly on the first working day of the month. We also require the following supporting documentation to complete your continuation status:

...

14.

14.1 Met verwysing na die bepalings van Reël 6.3.4 soos wat daardie Reël tussen 2002 en 2005 bepaal het, Reël 6.2.4 soos wat daardie Reël tussen 2005 en 8 Februarie 2007 bepaal het, en Reël 6.2.3 soos wat dit nou bepaal, wil ek dit duidelik stel eerstens dat nie een van die Applikante se diensvoorwaardes soos op die datum van sy of haar diensbeëindiging het bepaal dat hulle nie vir die subsidie kwalifiseer nie, en tweedens (en as stawing daarvan) dat tot en met POLMED se optrede soos voormeld, het POLMED die voordeel van die subsidie aan voortsettingslede, insluitend die Applikante, deurgegee.

14.2 Ek word geadviseer om in hierdie verband soos volg aan die hand te doen:

14.2.1 Petrus Kleynhans en 87 ander applikante het in die Kleynhans-aansoek, aansoek gedoen om dieselfde regshulp as waarvoor die huidige Applikante aansoek doen.

Die 88 Applikante in daardie saak was suksesvol met die regshulp aangevra teen die Eerste Respondent.

14.2.2 Die tersaaklike geskiedenis word ook uiteengesit in die uitspraak van Sy Edele Regter Rabie wat op 17 November 2009 in die Kleynhans-aansoek gelewer is, 'n afskrif waarvan hierby aangeheg word gemerk word **"D1".**

14.2.3 Ek en al die ander Applikante het die funderende beëdigde verklaring van Petrus Kleynhans, die eerste applikant in die Kleynhans-aansoek, deurgelees en bevestig ek en die ander Applikante die korrektheid van die inhoudelike daarvan in soverre dit verwys na die gebruike en/of praktyke wat geheers het en waarby voormalige werknemers van die SAPD betrokke was en waarby lede van POLMED betrokke was.

Ek heg hierby aan, as Aanhangsel **"D2"**, 'n afskrif van die Kennisgewing van Mosie en die funderende beëdigde verklaring in die Kleynhans-aansoek. Die ondersteunende eedsverklarings van die mede applikante in die Kleynhans-aansoek word nie hierby aangeheg nie en sal dit, indien nodig, by aanhoor van hierdie aansoek ook aan die agbare Hof beskikbaar gestel word.

14.2.4 Die bydrae wat die SAPD tot POLMED maak is 'n maandelikse bydrae wat nie met verwysing na individuele lede van POLMED bepaal word nie, maar slegs by wyse van die SAPD se begroting.

Dit word op daardie basis aan POLMED oorbetaal, vir aanwending deur POLMED tot voordeel van sy lede.

14.2.5 Soos hierbo vermeld, het POLMED in die tydperk van dekades voor Maart 2009 altyd die subsidie tot voordeel van alle lede aangewend, insluitend voortsettingslede.

14.2.6 Die enigste basis waarop POLMED sou kon ophou om die voordeel van die subsidie ten opsigte van voortsettingslede aan te wend, sou wees indien POLMED se Reëls sodanig bepaal. Inderdaad bepaal POLMED se Reëls dit nie.

14.3 Addisioneel tot al die voormelde het die Tweede Respondent in 'n brief gerig aan Applikante se prokureurs van rekord en gedateer 17 Februarie 2009 onder andere aangedui dat die SAPD nie besluit het om maandelikse betalings (subsidie-betalings) van Polmed lede se mediese premies, wat betaalbaar is aan Polmed, ten aansien van voortsettingslede wat kwalifiseer vir mediese voordele, te staak nie.

'n Ware afskrif van die brief geskryf namens die Nasionale Kommissaris van die SAPD gedateer 17 Februarie 2009 word hierby aangeheg gemerk Aanhangsel **"E"**, waarna ek respekvol verwys.

15.

15.1 Die Applikante is almal volopbetaalde lede van POLMED (uitgesluit daardie Applikante wat nie genoeg geld in hul bankrekeninge beskikbaar gehad het ter betaling van die maandelikse POLMED premie subsidiebedrag, wat

normaalweg altyd deur die Tweede Respondent aan Polmed ter voordeel van POLMED se lede betaal was, wat POLMED einde Februarie 2009 probeer onttrek het vanuit Applikante se bankrekeninge).

Ek wys in hierdie verband na die bevestiging vervat in die Applikante se aangehegte vraelyste wat elke Applikant voltooi het.

15.2 Die huidige optrede van POLMED (kansellasie van sekere van die Applikante se lidmaatskap en pogings om meer as die betaalbare lidmaatskap premie te vorder vanaf sekere van die Applikante) is in stryd met POLMED se Reëls, en die Applikante se regte.

RELEVANTE AGTERGROND:

16.

16.1 Ek het reeds hierbo verwys na die Kleynhans-aansoek.

16.2 Die Kleynhans-aansoek is in 13 Maart 2009 op 'n dringende basis geloods.

16.3 Die Eerste, Tweede en Derde Respondente het die Kleynhans-aansoek geopponeer, na aanleiding waarvan Sy Edele Regter Rabie soos voormeld uitspraak op 17 November 2009 soos per Aanhangsel **"D1"** hiertoe gelewer het.

17.

17.1 Ek en 48 van die Applikante in hierdie aansoek was van voorneme om ook mede-applikante te wees in die Kleynhans aansoek.

17.2 Omdat ek en van die ander Applikante nie betyds alle inligting by ons prokureur van rekord kon kry nie, is daar besluit om kort na die uitreiking van die Kleynhans aansoek, 'n soortgelyke aansoek te loods.

17.3 Daarna is daar besluit om, ten einde 'n duplikasie van verrigtinge te voorkom, hierdie aansoek eerder terug te hou hangende die uitspraak in die Kleynhans aansoek. In hierdie verband is die volgende van belang:

17.3.1 Die Applikante in die huidige aansoek was, so word respekvol aan die hand gedoen, daarop geregtig om die uitslag van die Kleynhans-aansoek af te wag alvorens die huidige aansoek aanhangig gemaak word. Daar was verskeie pogings van ons prokureur van rekord om die bring van hierdie aansoek te vermy, soos later hierin uiteengesit en verduidelik word.

In hierdie verband is dit die huidige Applikante se saak dat hul nie traag was met die bring van die aansoek nie. Indien die Applikante in die huidige aansoek gedurende of na April 2009 (nadat die Kleynhans-aansoek aanhangig gemaak en geargumenteer was) hierdie aansoek aanhangig sou gemaak het, sou dit neerkom op 'n

duplisering van 'n regsproses aangesien die uitspraak in die Kleynhans-aansoek op daardie tydstip reeds afgewag was.

17.3.2 Die huidige Applikante se prokureur van rekord het, soos hieronder uitgestippel, alles in sy vermoë gedoen om die Eerste Respondent daarvan te oortuig om die huidige Applikante te laat deel in die uitslag van die Kleynhans-aansoek.

Dit was egter, ten spyte van die Applikante se prokureur se pogings (soos hieronder uiteengesit in die aangehegte korrespondensie), onsuksesvol gewees.

17.3.3 Die Kleynhans-aansoek is geargumenteer op 15 en 16 April 2009.

17.3.4 Op 17 April 2009 het ons prokureur van rekord 'n brief aan die Eerste Respondent se prokureurs van rekord gestuur met die voorstel dat die partye ooreenkom dat die uitspraak van die Kleynhans-aansoek ook bindend en van toepassing sal wees op die 49 persone gemeld in daardie skrywe.

'n Afskrif van die skrywe word hierdy aangeheg gemerk Aanhangsel **"F1"**.

17.3.5 Op 20 April 2009 erken die Eerste Respondent se ontvangs van bovermelde skrywe. 'n Afskrif daarvan word hierby aangeheg gemerk Aanhangsel **"F2"**.

17.3.6 Op 23 April 2009 ontvang ons prokureurs 'n verdere faksimilee van die Eerste Respondent se prokureurs. 'n Afskrif van daardie skrywe word hierby aangeheg gemerk Aanhangsel **"F3"**.

In paragraaf 3 van Aanhangsel **"F3"**, antwoord die Eerste Respondent se prokureurs as volg:

It is our client's view that it will be in the interest of all parties concerned to consider the judgment of Rabie J as soon as it is delivered and the circumstances of each party / member before any undertakings is made.

17.3.7 Die Agbare Hof het in die Kleynhans-aansoek op 17 November 2009 uitspraak gelewer in die guns van die 88 Applikante (in daardie aansoek) en 'n tussentydse interdik toegestaan.

Sien in hierdie verband Aanhangsels **"D1"** en **"D2"** hiertoe.

17.3.8 Op 17 November 2009, dieselfde dag waarop die uitspraak in die Kleynhans-aansoek gelewer is, het ons prokureur weereens 'n skrywe aan die Eerste Respondent se prokureurs gerig in terme waarvan daar versoek is dat:

In the view of the judgment we reiterate our request that the judgment will also be applicable, binding and effective on our clients as listed in Annexure "A" (annexed to our aforementioned letter dated 17April 2009) safe for the costs aspect.

'n Afskrif van gemelde skrywe word hierby aangeheg gemerk Aanhangsel **"F4"**.

17.3.9 Op 18 November 2009 erken die prokureurs van die Eerste Respondent ontvangs van vermelde skrywe (Aanhangsel **"F4"**) en onderneem om teen 20 November 2009 te antwoord daarop.

'n Afskrif van gemelde skrywe word hierby aangeheg gemerk Aanhangsel **"F5"**.

17.3.10 Op die 19de November 2009 het ons prokureur 'n verdere skrywe gerig aan die Eerste Respondent se prokureurs.

Alhoewel die inhoudelike van hierdie skrywe meerendeels handel oor die implimentering van die uitspraak in die Kleynhans-aansoek, word 'n afskrif daarvan hierby aangeheg gemerk Aanhangsel **"F6"**.

17.3.11 Op die 27ste November 2009 ontvang ons prokureur 'n skrywe van die Eerste Respondent se prokureurs waarin daar bevestig word dat 'n vergadering met die Eerste Respondent geskeduleer is vir 1 Desember 2009 waarna die Eerste Respondent se instruksies bekend sal wees.

44.

'n Afskrif van gemelde skrywe word hierby aangeheg gemerk Aanhangsel **"F7"**.

17.3.12 Op die 1ste Desember 2009 rig ons prokureur weereens 'n skrywe aan die Eerste Respondent se prokureurs. 'n Afksrif van gemelde skrywe word hierby aangeheg gemerk Aanhangsel **"F8"**.

Van belang is paragraaf 2 van gemelde skrywe waarin daar weereens die voorstel gemaak word dat die uitspraak in die Kleynhans-aansoek ook van toepassing moet wees op die aanvanklike 49 individue wat as Applikante sou optree.

17.3.13 Om 16h49 op 1 Desember 2009 rig die Eerste Respondent se prokureurs 'n skrywe aan ons prokureur. 'n Afskrif van gemelde skrywe word hierby aangeheg gemerk Aanhangsel **"F9"**. Uit gemelde skrywe blyk dit dat:

(a) die Eerste Respondent 'n besluit geneem het om 'n Aansoek om Verlof tot Appel te rig rakende die uitspraak van Sy Edele Regter Rabie in die Kleynhans-aansoek; en

(b) *Furthermore, it is our client's instructions that since the judgment of Rabie J is considered for appeal, the 49 applicants who were not part of the 88 applicants in this case cannot be considered to be covered by the judgment*

as the latter will be suspended consequent to our client's lodgment of the leave to appeal.

17.3.14 Dit dien om in verband met Aanhangsel **"F9"** hiertoe te meld dat:

(a) Ek word geadviseer dat Sy Edele Regter Rabie se uitspraak in die Kleynhans-aansoek inderdaad *nie* appelleerbaar is nie.

(b) Ek word verder geadviseer dat Sy Edele Regter Rabie op 15 Desember 2009 sodanig bevind het, en die Eerste Respondent se aansoek om verlof tot appél in die Kleynhans-aansoek met 'n spesiale kostebevel van die hand gewys het.

17.3.15 Op die 2de Desember 2009 rig ons prokureur 'n verdere skrywe aan die Eerse Respondent se prokureurs. 'n Afskrif van gemelde skrywe word hierby aangeheg gemerk Aanhangsel **"F10"**.

17.3.16 In paragraaf 4 van gemelde skrywe meld ons prokureur dat die Applikante (die aanvanklike 49) die Eerste Respondent se onwilligheid om die uitspraak in die Kleynhans-aansoek van toepassing te maak op hierdie aangeleentheid betreur. Ons prokureur bevestig ook dat hierdie aansoek slegs 'n duplikasie van litigasie daarstel aangesien daar reeds 'n uitspraak in die verband is. Verdermeer bevestig ons prokureur dat die Agbare Hof versoek sal word om 'n verswarende koste bevel toe te staan.

17.3.20 Ons prokureur het op 27 Januarie 2010 'n verdere skrywe aan die Eerste Respondent se prokureur gerig in 'n finale poging om die aansoek te skik. 'n Afskrif daarvan word hierby aangeheg as Aanhangsel **"F11"**. Die Agbare Hof se aandag word op paragraaf 3 daarvan gevestig wat soos volg lees:

"The purpose of this letter is, as a final attempt to avoid a further Application for an interdict pendente lite, to request your client to agree that the judgment of Rabie J be implemented with immediate effect on the individuals as listed in Annexure "A"."

Die Eerste Respondent het nie daarop geantwoord nie.

18.

In die lig daarvan dat die huidige aansoek op presies dieselfde feitelike basis aanhangig gemaak word as wat die geval was in die Kleynhans-aansoek, word eerbiedigiik namens Applikante aan die hand gedoen dat geen rede(s) bestaan waarom die huidige Applikante nie geregtig is op dieselfde tussentydse regshulp as die Applikante in die Kleynhans-aansoek nie.

19.

19.1 Applikante 1 tot 31 is Applikante waarop bedes 1.1 en 1.2 van die Kennisgewing van Mosie van toepassing is. Applikante 32 tot 88 is daardie

Applikante waarop bede 2 van die Kennisgewing van Mosie van toepassing is.

19.2 Indien die tussentydse regshulp wat verlang word in hierdie aansoek nie toegestaan sou word nie, sal dit beteken dat al die huidige Applikante (wat se lidmaatskap reeds beëindig of opgeskort is) tesame met hul afhanklikes steeds geen mediese fonds- / mediese skema voordele sal geniet nie, en dat daardie Applikante wie se lidmaatskap nog nie deur POLMED beëindig was nie verplig sal wees om maandeliks betaling van 'n lidmaatskap premie te maak aan POLMED, wat insluit die subsidie gedeelte van daardie premie wat tot hede nog altyd deur Tweede Respondent aan POLMED betaal was.

Die Applikante wat dit nie kan betaal nie, se lidmaatskap is beëindig word met die gevolg dat hul nie op enige lidmaatskap voordele geregtig is nie.

19.3 Eerste Respondent beskik oor geen substantiewe regsbasis op grond waarvan dit kan weier om die aangevraagde tussentydse regshulp ook te laat geld ten aansien van die huidige Applikante nie.

19.4 Die agbare Hof word ook verwys na die besonderhede van die Applikante se:

19.4.1 mediese sorg tans behoef; en

19.4.2 huidige medikasie en/of mediese behandeling behoef, soos vervat in Applikante se aangehegte vraelyste.

20.2 Sodanige benadeling sluit die volgende in :

20.2.1 Dat daardie Applikante nie voorskrifmedisyne en/of mediese behandeling, insluitende mediese behandeling by 'n dokter van keuse in geval van nood, kan ontvang nie; en

20.2.2 dat daardie Applikante aangewese sal wees om staat te maak op sogenaamde "Staatsorg" mediese hulp, by 'n staatshospitaal.

Dit is die Applikante se respekvolle mening dat sodanige mediese sorg onaanvaarbaar is en/of van laer gehalte as private mediese sorg is en dat, om daaraan blootgestel te wees inhou dat Applikante op risiko verkeer wat mediese sorg betref.

20.3 Die verdere alternatief is dat die Applikante by 'n ander mediese skema sal moet aansluit in 'n poging om soortgelyke mediese voordele te bekom as wat Applikante geniet het ingevolge hul lidmaatskap by POLMED. Dit op sigself sal vir die Applikante en hul afhanklikes baie nadelig wees, aangesien dit vir al die Applikante sal beteken dat 'n geweldige finansiële premie betaal moet word om aan te sluit by 'n alternatiewe mediese skema terwyl die Applikante geregtig is op die premies en subsidievoordele wat die Eerste Respondent verplig is om aan die Applikante te bied.

20.4 Al die Applikante beskik oor afhanklikes wat ook lede van POLMED is / was, soos wat aangedui word op die persoonlike besonderhede van elk van die Applikante waarna hieronder verwys word (en wat hierby aangeheg word in die vorm van vraelyste van die Applikante).

Die nadeel wat die Applikante ly, word eweneens deur hul afhanklikes gely.

ALTERNATIEWE REMEDIE:

21.

Die Applikante beskik nie oor 'n alternatiewe regsremedie nie anders dan om hierdie agbare Hof te nader vir die toestaan van die tussentydse regshulp wat gevorder word in die Applikante se kennisgewing van mosie.

SLOTSOM:

22.

In die vooropstelling smeek die Applikante almal eerbiediglik dat dit die agbare Hof sal behaag om 'n bevel te verleen ooreenkomstig die bedes uiteengesit in Applikante se kennisgewing van mosie waarby hierdie verklaring aangeheg word.

DIE SKAAL VAN KOSTE:

23.

Ek doen met eerbied aan die hand dat die Eerste Respondent se gedrag, eerstens deur om die Applikante en hul prokureur sedert April vanjaar aan 'n lyntjie te hou, en tweedens deur om nie redelikerwys daartoe in te stem dat die resultaat in die Kleynhans-aansoek op die Applikante in hierdie aansoek toepassing sal vind nie, is onredelik en het onnodiglik veroorsaak dat hierdie aansoek gebring moes word.

In die vooropstelling, doen ek met eerbied aan die hand dat 'n bestraffende kostebevel geregverdig word.

DEPONENT

ALDUS GEDAAN EN BEëDIG TE Pretoria OP HIERDIE 16 DAG VAN MAART 2010 DEUR DIE DEPONENT WAT ERKEN DAT HY VERTROUD IS MET DIE INHOUD VAN HIERDIE VERKLARING, DIT VERSTAAN EN TEN VOLLE BEGRYP EN DAT DAAR VOLDOEN IS AAN DIE BEPALINGS VAN DIE REGULASIE VAN GOEWERMENTS-KENNISGEWING R1258 VAN 21 JUNIE 1972 SOOS GEWYSIG. DIE DEPONENT BESKOU DIE EED AS BINDEND OP SY GEWETE.

VOOR MY:

KOMMISSARIS VAN EDE

JACOBUS MARTHINUS VAN STADEN
KOMMISSARIS VAN EDE
PRAKTISERENDE PROKUREUR RSA
LYNNWOODWEG 179
BROOKLYN PRETORIA